

Skriflesing: Jakobus 1:1-18Teks: **Jakobus 1:12**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 66:2,4****TYDENS EREDIENS: Ps. 45:9,10,12; Ps. 9:5,7,12; Ps. 119:7,11,42; Sb. 15-3 (39):3,4****Jakobus 1:1-18****Jas 1:1** Van Jakobus, 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus. Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is. Groete!**Jas 1:2** My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,**Jas 1:3** want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.**Jas 1:4** En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.**Jas 1:5** As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.**Jas 1:6** Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.**Jas 1:7** So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.**Jas 1:9** 'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien in God het,**Jas 1:10** en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom.**Jas 1:11** As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan.**Jas 1:12** **Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.****Jas 1:13** Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.**Jas 1:14** Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.**Jas 1:15** Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.**Jas 1:16** Moenie julleself mislei nie, my liewe broers.**Jas 1:17** Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.**Jas 1:18** Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het.**Skriflesing:** Jakobus 1:1-18Teks: **Jakobus 1:12**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 66:2,4****TYDENS EREDIENS: Ps. 45:9,10,12; Ps. 9:5,7,12; Ps. 119:7,11,42; Sb. 15-3 (39):3,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons in die eerste dae van 2020 ook die eerste

hoofstuk van die Jakobus-brief oopmaak, is daar heelwat dinge wat hier staan wat ons in die jaar

mee te doen gaan kry. Die eerste wat ons almal goed ken - Daar sal beproewinge en ook

versoekinge op ons pad kom. Hoe kyk ek daarna, hoe gaan ek dit hanteer?! As ek hierdie

beproewinge reg hanteer is daar 'n groot seën, eintlik 'n saligspreking hieroor uitgespreek. Vers

12 sê in die ouer Vertaling - *12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets**deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom**liefhet.* Hierdie besondere vers dra drie besondere kenmerke wat vir 2020 groot waarde inhou.

In die eerste plek vra God van ons standvastigheid in alle sake, sekerlik ook wanneer daar beproewinge en versoekinge kom. In die tweede plek- God se beloftes is op 'n besondere wyse aan God se liefde verbind. In die laaste plek hoor ons van 'n oorwinningsprys wat daar vir ons sal wees. Kom ons Jakobus begin met die eerste gedagte-

Wat maak met al die beproewinge en versoekings wat daar op ons pad gaan kom?!

Jakobus begin sy skrywe op 'n manier wat dadelik hieraan aandag gee: *Vers 2- My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom ...* Dis sekerlik nie altyd maklik om hande te klap as ek swaarkry nie, ja as daar 'n swaar saak en 'n swaar gebeurtenis in my hart lê is dit beslis nie so maklik om vir ander te glimlag nie.

Nou sê die Here deur sy broer vir ons dat 'n glimlag en swaarkry wel bymekaar kan uitkom! Ek het gesê Jesus se broer praat met ons in hierdie brief en inderdaad word die Jakobus wat hier skrywe as een van die ander seuns van Josef en Maria beskou. 'n Kind ná Jesus gebore wat nie na homself verwys as Jesus se broer nie, maar let wel hy noem homself 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus (v1).

Meer letterlik vertaal noem hy hom God en die Here Jesus Christus se slaaf. Jakobus stel sy eie posisie teenoor God duidelik, dat ek is God se slaaf, daarmee saam is ek die Here Jesus Christus se slaaf. Dis wie ek is. Ek staan in 'n tweevoudige diens maar dis slawediens. Al was Jesus my broer toe ons nog in ons ouerhuis was, al was ek deel van hulle wat aanvanklik nie in Hom geglo het nie, het alles nou verander.

Inteendeel Hy verwys na Jesus nie net as die Christus nie, maar Hy noem Hom *die Here Jesus Christus*. Die benaming Here mag ons nie mislees nie. Daarmee erken Hy hierdie Christus is my Koning, ja die woord *kurios* hier gebruik is die erkenning van groot dinge wat nie pertinent genoem word nie. Die benaming dui op Hy het oorwin. Hy het uit die dood opgestaan, Hy lewe, Hy het 'n verhewe posisie. Daarin eer Jakobus Hom. Die Gesalfde m.a.w. die Christus, is ook die Here, die Een wat hoog verhewe is en wat aan geen gewone mens nou meer gelyk is nie. Al wat ek van Hom kan wees is sy slaaf, maar Hy maak ons mekaar se broers.

Daarin lê vers 2 se kernmoment as hy vir sy lesers op die baie bekende maar treffende manier aanspreek- *My broers ...* wat hy dan dadelik dit stel- *My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom.* As Jakobus aan ons skrywe wil hy ons broer wees, ja hy wil in alle omstandighede ons broer wees. Die Jakobus-brief waarmee ek die eerste kwartaal van die jaar redelik tyd aan wil gee is 'n brief van iemand wat jou broer wil wees. Wat jou wil ken, jou wil verstaan, met jou oor die lewe wil praat, maar ook dit wat die lewe nie moet wees nie.

Daar mag nie omstandighede kom, veral en besonderlik in die Kerk van die Here, wat ons in mekaar se broerskap, in mekaar se susterskap mag twyfel nie. Dan word ek so maklik vir God, vir myself maar ook vir ander mense soos 'n brander in die see en u lees hoe twyfel dit jou maak - kyk weer na vv 6-7, wat in baie gevalle van toepassing raak ... *Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.*

Dit kan so maklik gebeur en ons moet daarteen waak, ook in 2020. Om in mekaar, maar nog belangriker, in God en in God se beloftes te wil twyfel. Daarom kom ons by ons tweede gedagte vandag wat vanuit ons teksverse dit stel-

God se beloftes is op 'n besondere manier aan God se liefde verbind:

Vir sy eie mense, die twaalf stamme in die verstrooiing aan wie Jakobus skrywe, julle is nou oor die wêreld versprei. Inderdaad die Kerk van die Here is nou ekumenies, ons lê die wêreld vol, ook in Suid-Afrika aan die begin van 2020 voel ons of die verstrooiing dalk net nog erger gaan word. Hoeveel van ons mense bly al in die buiteland, hoeveel gaan nog trek? Die deurmekaar land maak dat mense die wêreld vol trek en wil trek.

Tog trek hulle op baie maniere uit 'n deurmekaar land 'n deurmekaar wêreld binne. Verstrooiing (die Griekse woord *diaspora*) gebeur en sal nog altyd gebeur. Dis al deel van beproewinge ... In Jakobus se geval het sy eie mense, hy wat Hebreeus of Aramees sou praat, maar ook baie van die ander Jode wat reeds Griekssprekend was, almal sy broers en susters is oor die wêreld versprei, tot by Sirië verby. Vandag kan ons die grense natuurlik nog baie wyer trek ... hoe verstrooid is

ons nie uit Suid-Afrika al oor die hele wêreld heen nie?! God se Woord en God se beloftes en God se liefde is die wêreld oor en daarmee kan gewerk word. Daarmee moet gewerk word. Maar glo eers werklik voor jy kan werk ...

Vir almal bly Jakobus se inleiding dieselfde, wees bly, glimlag, klap jou hande (as ek dit nou baie vrylik wil vertaal) as daar beproewinge oor jou kom. Hierdie beproewinge of as ons dit dan ook noem dinge wat baie swaar is, jy word selfs daardeur versoek, gebeur met 'n doel. U en ek moet daardie doel nie vir 'n oomblik onderskat nie, maar ook besef God wil jou ook nie onderskat nie. God gaan jou wat deel is van sy kinders toets en nog 'n maal toets. Dit verander niks aan God se liefde vir jou nie. God toets jou juis omdat Hy vir jou lief is. Sy liefde wat in sy beloftes vasgemaak is en wat niemand God se beloftes van sy liefde kan skei nie. Ja, inderdaad geld dit hier ook- Dit wat God saamgevoeg het, kan geen mens skei nie.

Dit gaan ook nie om 'n toets wat uit die lug gegryp word nie, of anders gestel, God toets ons nie sommer lukraak nie, maar baie duidelik God toets jou geloof. Jou geloof is dit wat gebrei moet word, jou geloof is dit wat sterker gemaak moet word. So word u en ek as't ware ons lewe lank vir 'n doel afgerig. Die Here wil by ons lydsaamheid wek, ons kan dit ook noem volharding. Geloofsvolharding is waaroor dit werklik gaan. Want hierdie volharding laat jou al duideliker God se beloftes en God se liefde raaksien. Jy kry al meer reg om dit aan mekaar te bind wat 'n geloofsdaad is. So is ek nie net met geloofsvolharding besig nie, maar daar kom ook geloofsvertroue. Dit is wat vv 3-4 tog vir ons sê: ek moet sekere dinge weet ... *want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.*

Die Kategismus noem sulke dinge **'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue**. Daar is dinge wat eenvoudig geweet moet word ... Uit hierdie geloofsvertroue kom dan ook na vore geloofsroem. Op geld en aardse besittings kan ons nie roem nie, so min soos wat ons daarop kan vertrou dat geld en rykdom werklike geloofsvertroue en roem kan wees.

Wat baie opvallend is, dat hierin sal ons moet vasstaan. Alles geloofsdade wat insluit geloofsvolharding, geloofsvertroue, geloofsroem ... Dit lei tot volle geestelike rypheid. In ons vertroue en volharding gaan dit daarvoor om enduit vol te hou, dat ons tot volle geestelike rypheid kan kom. Dit wat ons in hierdie dae goed moet onderstreep – ook vir 2020 moet dit uitstaan- ek

sal standvastig moet wees as ek hierby wil kom . Ek sal ook moet weet, waar kry ek my standvastigheid as dit dan nou so belangrik is. Kry ek dit in myself, m.a.w. kry ek dit in my persoon, hoe gesond en sterk my liggaam nog is, of kry ek dit in my geld, m.a.w. my rykdom, kry ek dit in die aansien wat ek in my samelewing, my dorp, my gemeenskap, my gemeente, tussen my mense geniet.

As u mooi lees sal u agterkom Jakobus het sommer in hfst. 1 oor al die dinge wat ons dink standvastigheid kan bring heelwat te sê. Oor ons eie persoon sê hy in vers 10, soos dit ook in Psalm 103 vers 15 bevestig word- ons lewe is maar soos 'n veldblom, so is ook ons rykdom, soos 'n veldblom: vv 10-11 *en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom. As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan.* Soek ek my standvastigheid in hoe gesond en sterk ek is, weet daarin is ek 'n veldblom, soek ek my standvastigheid in my rykdom, nog weer is ek hierin 'n veldblom.

Dit terwyl ons standvastigheid net op een plek gesoek en gevind kan word nl. dit waar God sy liefde en sy beloftes bymekaar uitbring en Hy wat God is aan jou die geloof skenk. Dis 'n gawe, die geloof is 'n gawe, die volmaakte gawe van Bó! Dis al wat tel, wat ook vir 2020 gaan tel, dit wat ons geloof alles insluit. Dit waarvoor gebid, dit waarvoor gewerk, dit waarvoor gelewe moet word, jou en my se geloof wat sterk en standvastig moet wees. Ons gaan hierin getoets en weer getoets word en dit op baie maniere.

Ons kan nie anders as om van God wysheid af te bid in hoe swaar hierdie toetse dikwels gaan wees nie. Dit besef Jakobus ook, daarom dat vers 5 baie spesifiek op 'n gebed om wysheid gerig is: *As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.*

Kom ons geen fout maak nie, kom ons ook nie daarvoor twyfel nie, dit verg dikwels besondere wysheid om God se beloftes en God se liefde in jou lewe met mekaar verbind te kry. Hoe kan ek wat God lief het so 'n verskriklike ding oorkom, hoekom word ek so beproef, wat maak dat ek so twyfel. Alles vrae, alles omstandighede waarmee Jakobus jou swaarkry en beproewinge nog

nader aan God se wysheid wil bring. Vers 3 en 4 is met so 'n proses of kan ons dit ook noem 'n kettingreaksie besig. Dis dinge wat ek ook in 2020 moet weet. Beproevinge bring geloofsgroei en bring geestelike volwassenheid. God laat niks met my gebeur in wat God Self nie ook 'n uiteindelijke doel daarmee het nie.

As ons dit beseef en u kon dit ook vandag insien, dan is baie van die dinge wat Jakobus hier skrywe dieselfde dinge wat Jesus in sy eerste preek op aarde, die sg Bergrede ook oor gehandel het. Trouens ons moet dit vandag stel en dwarsdeur die reeks dit nog weer raaksien, Jakobus beweeg met sy brief so dikwels in die klimaat van Jesus se Bergrede in. Die Maria-kind wil dinge inkleur soos sy Broer, maar baie meer as sy Broer, soos sy Here Jesus Christus dit in sy Bergrede aan ons geleer het. Jesus het ook gepraat van die *teleios*, die uiteindelijke volmaaktheid waarby ons moet kom.

Waar Jesus se beloftes en liefde nie van mekaar geskei sal word nie, waar beproewinge nie die glimlag van my gesig kan afvee nie, maar ek juis dit weer en weer wil uitleef- ek bly wil wees wanneer allerhande beproewinge oor my kom.

Jakobus maak dit duidelik hy werk doelbewus met Jesus se saligsprekinge. Jakobus se eerste saligspreking (vers 12) en Jesus se baie saligsprekinge in die begin van sy Bergrede (9 saligsprekinge) sal ons hopelik in die reeks al hoe meer ooreenkomste en aansluiting bymekaar kan raaksien. Daar is ten minste 14 gevalle waar die ooreenkomste tussen Jakobus en Jesus se Bergrede duidelik aangedui kan word. Wat ons vir mekaar kan sê Jakobus het sy wysheid gesoek nie op 'n ander manier of op 'n ander plek as net daar waar Jesus ons die ware wysheid van die lewe wil leer nie. Dis ook waar ons ons wysheid moet leer, by Jesus, soos wat Jakobus by Jesus sy wysheid gesoek het..

Met dit wat ons teksverse ook vandag aan ons wou duidelik maak, ek moet standvastig kan bly staan, in beproewinge, deur versoekinge heen, ook het ons in die tweede plek gesien, God se beloftes en God se liefde moet ek na mekaar toe kan bring. Daarvoor het ons wysheid nodig. Ek moet dit kan doen deur alle beproewinge heen. Die beproewinge mag nooit maak dat ek in God se liefde vir my begin twyfel nie. Twyfel wat ons so maklik maak soos 'n brander in die see wat

deur die wind aangejaag en rondgedryf word. So wil ons sekerlik nie in 2020 lewe nie. Dit wat ons as laaste gedagte by vandag se teksvers mag voeg is om te weet

Daar wag 'n oorwinningsprys vir die een wat deur al die beproewinge en versoekinge staande kon bly:

Dis asof Jakobus hierdie besondere prys op so baie maniere na ons kant wil bring, maar die feit bly staan hierin word ons as oorwinnaars gereken. Uit onself, in ons beproewinge, in ons verganklikheid, in hoe maklik ons dikwels uit onself kan twyfel, alles dinge waarin ons getoets word, maar ek moet die toets kan deurstaan. As ek dit kan doen, sal ek die oorwinningsprys van die lewe ontvang. Die ouer vertaling noem dit dat ons dan *die kroon van die lewe* sal ontvang. Dit kom daarop neer God gee aan ons die ewige lewe, die lewe wat daar in Christus Jesus ons Here is. Ja, het ons eintlik in die gedeelte vandag gesien, God gee wysheid (v 5); God gee die geloof waarin gebid kan word, daarin is standvastigheid nodig. Ek moet standvastig wees in wat ek glo en in wat ek bid. Vir 'n tweeslagtigheid of dubbelhartigheid het Jakobus 'n ernstige waarskuwing. So iemand is onbestendig in al sy weë.

Terwyl as ons standvastig bly in beproewinge, deur gebede heen, met 'n wysheid wat van God kom, dan sal daar 'n oorwinningsprys nie net vir 2020 na ons kom nie, maar dit kom op die lewe neer. Dan sal ons waarlik kan sê - die lewegewende God is besig om deur sy lewegewende Woord, ja in Christus wat die lewe is vir my die Lewe te gee. Mag ons in die weke wat kom steeds God se lewewekkende Woord in Jakobus wil oopmaak. Selfs in ons worstelinge moet ons nie twyfel nie, maar mag die Here gee dat ons met gebedsvertroue wel in ons geloof sal roem. Ons gebedsvertroue en ons geloofsroem, bou op en bou nog verder op, soos wat ons hoop om met hierdie oudste geskrif in die Nuwe Testament na God te luister. Alles deel van God se oorwinningsprys waarmee ons die lewe kan ingaan.

AMEN